Prentjies vertoon nie?

Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Gemeentekommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/J3Vb1um1m0A

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 8 September 2024

- Daar is twee eredienste om 08:30 & 10:00.
- Die erediens word gelei deur dr Peet Vermeulen.
- Die doop word bedien aan ’n verbondskindjie tydens die 08:30 erediens.

Eredienstye:

- Op 22 en 29 September is daar slegs EEN erediens om 08:30. Geen jeuggroepbyeenkomste vind plaas nie.

Bybelstudie:

- Die Manne Bybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die Gemeente Bybelstudie vind elke Dinsdag om 09:00 in die konsistorie plaas.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Mariaan van der Walt wat steeds in die hospitaal is.
- Philip Meintjies wat steeds in die hospitaal is.
- Andries Visser wat ’n operasie ondergaan het.

- Poppie Bodenstein wat in die hospitaal was en nou aansterk in die sorgeenheid.
- Jan Schuurman wat in die hospitaal opgeneem is.
- Gerda Floor (Marcel se ma) wat steeds in die hospitaal is.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Rian en Elandri Pet wat Sondag tydens die 08:30 erediens vir Ziné laat doop.

Hartlike dank:

- Die SANBS is baie dankbaar vir die 23 eenhede bloed wat op 18 Augustus geskenk is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

Op die kalender

'n Geleentheid om NIE mis te loop nie - bespreek nou jou plek!

Bespreek

Joshua na die reën

Help ons asb. om kaartjies te verkoop. Kaartjies is elke Sondag in die saal beskikbaar. Jy kan help deur ’n bondel van vyf kaartjies te neem, vir jou en jou gesin te koop en die res aan vriende of familie te verkoop. Besigtig asb. ook die video’s en ander plasings op WhatsApp en Facebook en ‘like’ en ‘share’ dit. Jy kan ook ’n A3 plakkaat neem en êrens gaan opsit.

Verder benodig ons ook skenkings. Indien jy rolletjies, wors, maalvleis, rys of ’n kontantskenking wil maak, kontak asb. vir Helena by die kerkkantoor.

Bespreek JNDR kaartjies

Uitnodiging

Die KwartKrant

Die Kwart-wat? Die KwartKrant is Wapadrant Gemeente se elektroniese nuusblad. Dit verskyn 4 maal per jaar. Augustus se KwartKrant is nou beskikbaar. Lekker-lees terugvoer sluit onder meer in:

AUGUSTUS 2024

GROEI WAAR JY IS

KwartKrant

'N NUWE HART

Esegiël 36:19-32

- Jeugaksies
- Kleuterkerk oordoen-projek
- Lidmaat attestasie
- Stadbouers in aksie in die omgewing
- Finansies
- Vrouedag
- Damestee ten bate van kinderhuise
- Getuienis van 'n lidmaat

KwartKrant as PDF

KwartKrant in webblaaier

Die KwartKrant vir Augustus is ook beskikbaar via die webblad by https://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

Preekrooster



DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
8 September (Doop)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Peet Vermeulen
15 September	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor
22 September	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen
29 September (Nagmaal)	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

’n Hart van gee

’n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ’n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ’n “Kerkkas” bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ’n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ’n lidmaat van Wapadrant nie?

Kontak die kerkkantoor